Gepubliseer op:

Deur Christus Alleen

Tuisblad van dr. A.H. Bogaards

www.enigstetroos.org

Prediking en verbond

D Postma

CJBF

Posbus 2004

Noordbrug, Potchefstroom

Eerste druk 1980

ISBN 0 86955 017 7

Terreinbepaling

Prediking:

Hiermee bedoel ons die amptelike bediening van Woord en Sakramente in die erediens aan die vergadering van gelowiges.

Dit sluit ook eie werk van die pastor by huisbesoek en die werk van die kategeet by katkisasie in, trouens oral waar die verbondsgemeente met die bediening van die heilige evangelie in die ware geloof opgebou moet word.

Verbond:

Dit is die vaste verhouding waarin God Sy gemeente, Sy kinders tot Homself gestel het: die Vader en Sy "huisgesin".

Ek wil beweer, op grond van Skrif en Belydenis, dat, alhoewel dit vasstaan dat die ewige bestemming van die mens - ook die verbondskinders - rus in die ewige Raad van die Uitverkiesende God, nie die uitverkiesing nie, maar die verbond die **vertrekpunt** moet wees, die **bedding** waarin die prediking vloei. Hiermee word geen teenstelling gemaak tussen die uitverkiesing en verbond nie! Inteendeel, die twee hang ten nouste saam, soos ons later sal probeer aantoon. Ons sal ook wys op die plek wat die uitverkiesing in die prediking en in die lewe van die verbondskind behoort in te neem.

Ek wil verder beweer dat die **bepaalde verbondsbeskouing** wat die bedienaar van die Woord huldig, grootliks die karakter appél en uitwerking van eie prediking sal bepaal. Ek is daarvan oortuig dat'n bepaalde verbondsbeskouing wat in baie gereformeerde kringe bestaan, (hede en verlede) die verkondiging van die Woord van baie van sy krag, ja selfs van sy wesentlike krag beroof het. Dit is dus uiters belangrik dat, in die lig van Skrif en Belydenis, die verbond op die regte wyse in en agter die prediking sy plek sal inneem.

1. UITVERKIESING EN DIE PREDIKING?

Ons ken almal die **metodisties-piëtistiese** heilsbeskouing en benadering, 'n vertakking en gevolg van die remonstrantisme.

Van verbondsverhouding in Skriftuurlike sin is daar geen sprake nie, en die verhouding tussen God en die mense wat hulle moet bekeer, is baie los. Hiervolgens word in die christelike gemeente en in veldtogte in die christelike kerk op kragdadige bekering aangedring. Die lidmate word gesien as losstaande individue, eintlik ook los van God, wat dan, as hulle op dag en datum 'Jesus (selde Christus!) aanneem as hulle persoonlike verlosser' kom tot 'kindskap van God'. Met sy vrye wil moet die mens besluit om Jesus aan te neem, hom te bekeer, en kind van God te word. Die verlossing word dus prakties van die

menslike wil afhanklik gemaak. Hier word die menslike verantwoordelikheid beklemtoon **ten koste van** die Goddelike soewereiniteit.

Die gereformeerdes het die logiese alternatief van hierdie onskriftuurlike benadering gesien as die waar nie die vrye wil die beslissende faktor is nie, maar die uitverkiesende werk van God - **tereg**! Maar foutiewelik is die uitverkiesing toe prakties gesien as die vertrekpunt by alles, en het ons 'n predestinistiese benadering gekry, waar dit daarop neerkom dat nou weer die Goddelike soewereiniteit **ten koste van** die menslike verantwoordelikheid oorbenadruk word. Dit het meegebring dat prakties die voorverordinering deur God die basis gemaak word vir elke oproep tot geloof en bekering. "Jy kan nie salig word as jy nie uitverkies is nie" word die toon van hierdie prediking - al is dit nie altyd in hierdie woord nie! Gevolg was 'n gelatenheid en fatalistiese lewensbeskouing by baie nie-meelewendes, en 'n gevoel van onsekerheid en twyfelmoedigheid by gelowiges en meelewendes, ten opsigte van die bewoë Vaderliefde van die troue Verbondsgod. Hier word vergeet dat die uitverkiesing behoort tot die 'verborge dinge', en dat dit daarom met groot versigtigheid gehanteer moet word in die prediking, waar dit tog gaan om die 'geopenbaarde dinge'.

Die **waarheid** is ook hier nie 'n middeweg iewers tussen die twee uiterstes nie, maar lê heeltemal op 'n ander vlak: die vlak van die 'geopenbaarde dinge' van die genade-verbond van God met Sy kinders.

Die enigste suiwere en sinvolle uitgangspunt by die prediking in die christelike gemeente is die **Skriftuurlike Verbondsbenadering**. **Dit**, en **nie** die predestinistiese nie, is die logiese alternatief vir die metodisties-remonstrantse benadering. Die uitverkiesing word ten volle erken as die eerste oorsaak van geloof en bekering by die verbondskind, maar die 'verborge' uitverkiesing moet nie probeer geakkomodeer word in die 'openbare' verbond, soos dikwels gebeur nie, en wat meebring dat daar naderhand allerlei skolastiese onderskeidings van 'uitwendige' en 'inwendige' verbond en 'verskyning' en 'wese' van die verbond gemaak word. Hieroor later meer.

2. VERBOND EN DIE PREDIKING!

2.1 Verbond: ja of nee?

Volgens die Heilige Skrif het die HERE Sy genadeverbond, met die gelowiges en hulle kinders opgerig. Die gedooptes moet in die teken en seël van die sakrament die bevestiging van hulle kindskap sien, en die heerlikheid van die evangelie**belofte** soos dit hulle toekom, maar daarby ook die **eis** tot geloof en gehoorsaamheid. 'Alle verbonde het twee kante ...' (Doopsformulier)

Met hierdie waarheid moet die prediking altyd rekening hou. Sterker nog: Die prediking mag van hierdie verhouding tussen die HERE en sy verbondskinders nooit vergeet nie.

Wat is verbondsprediking?
Dit is **nie**
- prediking oor die verbond as sodanig nie;

- prediking waarin die term 'verbond' noodwendig in elke preek voorkom nie;

- prediking wat op kunsmatige wyse alles inforseer in die skema van die verbond nie.

Dit is **wel** prediking waarin **altyd, sonder uitsondering** uitgegaan word van die lewende verbondsverhouding tussen God en Sy verbondsvolk: die gemeente van Jesus Christus. Net so min as wat 'n vader in al sy handelinge teenoor sy kinders in sy huis een enkele oomblik kan vergeet dat hulle sy kinders is en nie weeskinders of vreemdelinge nie, net so min kan en mag 'n prediker voor die gemeente ook maar in een enkele preek vergeet dat hy voor hom het: die kinders van God; soet kinders en stout kinders ja, maar dan tog altyd kinders: **God se huisgesin.** Met die kinders van jou huis praat en handel jy anders as met die bure se kinders en kinders op straat!

Prediking as vertroosting, versterking, vermaning, lering gaan dus altyd **in die gemeente** uit van hierdie vaste verhouding. Die verbond bepaal die wyse waarop tot bekering opgeroep word: Nie: bekeer jou, anders gaan jy hel toe nie, maar: bekeer jou, want die HERE jou Vader het jou lief met 'n onpeilbare liefde in Christus ...

Verbond: ja of nee? in die Prediking? Gelukkig bestaan hieroor geen verskil in Gereformeerde kringe nie. Dit is onomwonde JA! Miskien moet sommige verkondigers van die evangelie dit net meer beleef en vergestalt in die prediking!

Die verskil van benadering kom egter by die volgende:

2.2 Verbond: hoe?

Dis hier waar menings gedurende die geskiedenis van die Gereformeerde kerke soms skerp uiteengeloop het. Op die geskiedenis van die beskouings oor die verbond, en die adres van die belofte van die verbond (slegs aan die uitverkorenes, die wat deel het aan die 'inwendige' verbond, die wese van die verbond, of aan alle **gedooptes**?) kan hier nie volledig ingegaan word nie.

Ons kan volstaan deur daarop te wys dat by die Afskeiding in Nederland in 1834 in teologiese kringe daar nie sprake was van die latere onderskeidings in verband met die verbond soos hierbo genoem nie. Dit was Abraham Kuyper wat by die vereniging tussen die 'dolerendes' in die Christelike Gereformeerde Kerk in die tagtigerjare, die bekende strukture van 'wese' en 'verskyning' van die verbond en sake soos gedoop word op grond van die 'veronderstelde wedergeboorte' in die Gereformeerde Kerke ingedra het. Op die besonderhede gaan ons later in.

Ons moet weer besef dat 'n eenvoudige, duidelike verbondsbeskouing, gegrond op die Skrif, soos Calvyn dit ook gehuldig het, baie sterk by die vroeëre teoloë te vinde was in die Gereformeerde Kerk in Holland en aanvanklik in SuidAfrika soos dit saam met Postma oorgekom het. Veenhof in sy 'Prediking en Uitverkiesing' wys volledig op die behoudende oortuigings van Helenius de Cock, seun van Hendrik de Cock van die Afskeiding te Ulrum. Helenius was jare lank professor in die Dogmatiek te Kampen en is in 1883 deur Prof. Dr. H. Bavinck opgevolg.1

Deur die latere proff. Schilder, Greijdanus, Holwerda e.a. is weer teruggegryp na die ou beskouings van Calvyn, de Cock, Bavinck, is onder andere Verbond en Wedergeboorte, en die aanbod van die genade in die belofte van die evangelie, ens.

Dit is my oortuiging dat dit geen middelmatige saak is waarmee ons hier te make het nie, maar van **wesentlike belang** vir die prediking en sy appél op die geloof en geloofsgehoorsaamheid en geloofsekerheid van die Verbondskind.

Daarom moet ons eers op enkele aspekte van die Verbond ingaan:

2.2.1 Wat is die verbond?

Prof. W. Heyns, Hoogleraar in Dogmatiek, Teologiese Skool, Grand Rapids, definieer dit in sy 'Gereformeerde Geloofsleer' soos volg: (vertaal uit Hollands).

Die Genadeverbond is die besondere vorm van die heilsbedeling waarin die drie-enige God Hom by verbond en eed aan die gelowiges en hulle saad verbind om vir hulle 'n Vader, Verlosser en Heiligmaker te wees, en hulle aan Hom verbind om sy eiendom te wees en Hom te dien, sodanig dat hulle alleen deur ongeloof en ongehoorsaamheid aan hierdie Verbond verlore kan gaan."2

Dit is dus 'n vaste ooreenkoms wat God met die gelowiges en hulle saad aangaan waarkragtens Hy sekere vaste beloftes aan hulle doen, maar geloof en gehoorsaamheid van hulle vra. Vgl. die Verbond met Abraham, Gen 17:2 v.v. en die beloftes aan die gelowiges en hulle kinders. Hand. 2:38, 39 (Hand 2:38-39).

Wesentlik aan die verbond is die kragtige **belofte**. Heyns sê: "Die Genadeverbond is: die heilsbelofte in die vorm van 'n verbond..' Die Skrif leer ons dat elke verbond van God met mense wesentlik niks anders was nie as 'n belofte, gegee in die versterkte vorm van 'n verbond. **Die Werkverbond** (met Adam) was die **belofte** van die lewe in die weg van gehoorsaamheid, gegee in die vorm van 'n verbond.

Die Natuurverbond (met Noag) was eweneens die **belofte** dat God die aarde nie weer deur water sou verdelg nie, en dat daar lewensruimte op aarde sal wees, weer gegee in die vorm van 'n verbond.

Die Genadeverbond met Abraham is die **belofte** van God om God te wees van Abraham en sy nageslag, die heilsbelofte in die vorm van 'n verbond. Daarom begryp ons dat in Gen 17:7 en in Gen 9:11 die belofte self die verbond genoem word.

Op baie plekke word die woord 'belofte' gebruik, waar die genadeverbond bedoel word, bv.. Hand. 2:39; 13:32; 26:6 ; Rom_15:8; Gal 3:16 , Gal 3:17, Gal 3:18, Gal 3:21, Gal 3:29. Heb 6:13, Heb 6:15, Heb 6:17; Heb 7:6; Heb 11:9, Heb 11:17. En in Efes. 2:12 word van die genadeverbond gespreek as 'die verbonde van die belofte'. Ook die Heidelbergse Kategismus vereenselwig die genadeverbond met die heilsbedeling as hy die belofte van die verbond die 'belofte van die evangelie' noem. (Vraag 66.)

Hierop is baie klem gelê, sodat ons sal besef dat die wesentlike van die verbond die **belofte** is: Dit wat God vir Sy verbondskinders **wil** wees. Pragtig word die belofte in die Doopsformulier gestel waar ons gedoop word in die Naam van die Vader, Seun en Heilige Gees: "Daarom **wil** Hy ons met alle goeie dinge versorg en alle kwaad van ons afweer . . ."; ". . . . verseker die Heilige Gees ons dat Hy in ons **wil** woon en dat Hy ons tot lidmate van Christus **wil** heilig."

Hierdie belofte is primêr. So is die verbond monopleuries-eensydig in sy ontstaan. Uit vrye genade kom God tot ons met Sy belofte. Die belofte sluit alle heilsgoedere in: alle heil vir tyd en ewigheid. By doop en nagmaal word dus hierdie belofte beteken en verseël aan die gedoopte en die nagmaalsganger.

Maar wesentlik aan die verbond ook, al is dit sekondêr, is die **eis**, naamlik van geloof en bekering. Vgl. Gen 15:6 : "En hy (Abraham) het in die Here geglo, en Hy het hom dit tot geregtigheid gereken." Gen 17:9 : "Maar jy moet My verbond **hou** . . .". Doopsformulier: "Alle verbonde het 2 kante ...". In sy voortgang is die verbond dipleuries-tweesydig. Die belofte is altyd eerste: Daaraan moet die geloof sig vasklem.

Geloof is juis: om die belofte te aanvaar; die toeëiening van die belofte. Tot **elke** bondskind kom hierdie **belofte**, maar ook die **eis** van die beloof en bekering. Dit lei na die belangrike vraag:

2.2.2 Met wie is die verbond opgerig?

Die vraag hier is: Is die verbond **eintlik** dalk net met die uitverkorenes opgerig (Kuyper) omdat dit tog duidelik is dat nie alle gedooptes (d.w.s. verbondskinders) salig word nie? Moet ons praat van 'n 'wesentlike' verbond, slegs met die uitverkorenes, en 'n 'uitwendige' verbond, met **alle** gedooptes?

Die Skrif probeer nêrens vanuit die verborge uitverkiesing redeneer in verband met die verbondspartye nie. Gods geopenbaarde weg is duidelik. Die verbond is in die Ou Testament opgerig met Abraham en sy nageslag, sy natuurlike nageslag, ook Ismael. Ismael deel ook in

die belofte van die heil, al is dit dat Isak besonderlik kind van die belofte is in dié sin dat hy as vrug van 'n wonderwerk (en nie deur vleeslike beplanning soos by Ismael nie) gebore is, en dat uit hom die beloofde Christus gebore sou word. Die Skrif gee nêrens aanleiding om Ismael, en later ook Esau te beskou as deelgenote bloot aan 'n 'uitwendige' verbond nie.

In die Nuwe Testament egter is die bondelinge nie meer Abraham se natuurlike saad wat deur 'ongeloof afgebreek is' nie. (Rom 11:20) maar Abraham se geestelike nageslag, dit wil sê, die gelowiges, Gal 3:7. Maar dan is dit die gelowiges met hulle natuurlike kinders, Hand. 2:39, want die verbond word in die geslagte voortgesit. "En Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag na jou in hulle geslagte as 'n ewige verbond . . .". Gen 17:7. Dit is dan ook geheel in ooreenstemming met Gods Woord as die Heidelbergse kategismus in antwoord 74 bely "dat die jong kinders net so goed as die volwassenes in die verbond van God en in Sy gemeente ingesluit is, en aan hulle nie minder nie as aan die volwassenes deur die bloed van Christus beloof word die verlossing van sondes en die Heilige Gees wat die geloof werk .. "

So is die bondelinge die natuurlike kinders van gelowige ouers, wat as teken van die verbond in die Ou Testament die besnydenis en in die Nuwe Testament die doop ontvang het. **Almal** dus wat verantwoordelik in die kerk van Christus, na die eis van die Woord, gedoop is, is ware verbondskinders aan wie die heilsbelofte uit genade geskenk word. Let wel: Die doopsformulier noem die doop wat aan **alle** kinders van gelowige ouers bedien word 'n ontwyfelbare getuienis dat ons 'n ewige verbond met God het', en dit kan die doop alleen wees as hy spreek van die verbondsbeloftes wat, objektief, alle gedooptes toekom, en nie net uitverkorenes nie. Eweneens sê die Nagmaalsformulier: "En dat ons dit **vas kan glo** dat ons tot hierdie genadeverbond behoort, het die Here Jesus in Sy laaste Nagmaal . . .".

Heidene wat tot bekering kom, word deur hulle geloofsbelydenis en daaropvolgende doop in die verbond ingelyf. Dit is trouens die wyse waarop die verbond in die Nuwe Bedeling ontstaan en voortgegaan het. "Want die belofte kom hulle toe en julle kinders **en almal wat daar ver is**, die wat die Here onse God na Hom sal roep". Hand. 2:39 .

Die Bybel gee ons dus geen reg om, soos Kuyper, te spreek van tweërlei verbond nie (uitwendig - met alle gedooptes; inwendig - met die uitverkorenes). As jy met so 'n onderskeiding kom, moet jy ook spreek van **tweërlei** belofte. Hulle wat hierdie beskouing toegedaan is, spreek enersyds van 'n belofte as 'n gewaarborgde heilsversekering vir die uitverkorenes, en andersyds van 'n belofte as 'n voorwaardelike heilsaanbieding vir almal. Daarmee word dan ook 'n **tweërlei** doop geleer: 'n 'volle' doop met 'volle' belofte - alleen vir die uitverkorenes; en 'n nie-volle doop met nie-volle beloftes vir almal.

U sien duidelik hoe so 'n leer God eintlik onbetroubaar en dubbelsinnig in Sy spreke maak. So laat mens God, wat tot alle bondelinge (dopelinge) **dieselfde woorde** spreek, **tog** vir die een bondeling iets heel anders bedoel as vir die ander bondeling.

'n Mens kan tereg vra: Wat bly van die doop as sakrament (seël, waarborg) oor as jy dit so dubbelslagtig maak? Wat se sekerheid gee my doop, as dit so 'n doop is (dalk 'n nie-volle doop met nie-volle belofte) aan my as ek in vertwyfeling vastigheid by die Here soek?

Die bedienaar van die Woord gaan dus uit van die **sekerheid** dat **almal** wat hy voor hom het in die vergaderde gemeente, egte verbondskinders van God is, aan wie almal, gelykelik die belofte van die evangelie toekom.

En so kom ons by die volgende belangrike onderskeiding:

2.2.3 Die skenk van die verbondsbelofte, en die deelagtig wees aan die beloofde heilsgoedere

Op grond van voorgaande ontstaan die vraag immers: Hoe kan aan die nie-uitverkorenes die belofte toekom? Hulle word tog nie salig nie!

Die antwoord is: **belofte is nog nie vervulling nie**. Ons moet onderskei tussen die waaragtige skenk van die belofte, soos dit aan **alle** kinders van gelowige ouers geskied, en dan die deelagtig maak van die beloofde heilsgoedere as sodanig, wat die Heilige Gees alleen by die uitverkore bondelinge tot stand bring.

Die belofte is ook nie 'n voorspelling nie! Ds. Venema stel dit so:3
In 'n voorspelling sê die Here wat na sy onveranderlike raad vas en seker sal gebeur. 'n Voorspelling gaan ook altyd **on**voorwaardelik in vervulling. Maar dit geld nie van God se verbondsbelofte nie. God voorspel nie in die verbond aan ons die saligheid nie ... Hy sê nie aan ons: "Julle word salig" nie. Maar Hy **beloof** ons die saligheid. Aan die **belofte** is onlosmaaklik verbonde die **eis** van geloof en bekering. Sonder geloof en bekering gaan die belofte nie in vervulling nie.

Nou moet ons nie sê: Aan so 'n belofte het ek niks, want daarmee gee God aan my **nie** die beloofde heil nie. Wie so redeneer, spreek in ongeloof en verag God se belofte. Die belofte is wel nie gelyk aan die beloofde heil nie, maar God het die beloofde heil tog aan die belofte verbind. God gee ons in en met die belofte ook die beloofde heil: Christus en al sy heilsweldade. Hy het die beloofde heil aan die belofte verbind en **wel deur die band van die geloof**. Deur ongeloof skei ons wat God saamgevoeg het, en maak ons die beloofde heil los van die belofte. Deur ongeloof kry ons geen deel aan die beloofde heil nie. Deur ongeloof verloor ons wat God ons in en met die belofte reeds geskenk het. Deur ongeloof verag ons Christus en al sy heilsweldade wat ons in die belofte geskenk is. Aldus Venema.

Die belofte word dus nie outomaties vervul nie. God vervul sy verbondsbeloftes in die weg **van die geloofsaanvaarding** by die verbondskind. As ek jou R10.00 skenk, **het** jy dit nog nie. Dit word joune, as jy jou hand uitsteek en dit neem en in jou sak sit!

Hieroor, oor die plek van die geloof in die vervulling van die beloftes, later meer by die Sakramente en Woordbediening.

Genoeg om ter stawing van bogenoemde daarop te wys hoe pragtig die dankgebed by ons Nagmaalsformulier bogenoemde onderskeid erken en handhaaf: ". . . Ons dank U . . . dat U

uit grondelose barmhartigheid U eniggebore Seun aan ons as 'n Middelaar en offer vir ons sondes en as 'n spys en drank van die ewige lewe **geskenk het**. (die belofte). Ons dank U ook dat U ons 'n opregte geloof gee "waardeur ons hierdie weldade **deelagtig word**." (die vervulling).

2.2.4 Verbondseën en verbondswraak

In die lig van voorgaande 2 paragrawe behoort dit nou baie duidelik te wees wat met hierdie terme bedoel word. Ons het gesien: Alle bondelinge kom die belofte toe - gelykelik. Alle bondelinge geld ook die eis van geloof aan die beloftes en gehoorsaamheid aan Gods wil.

Geloof aan die beloftes lei tot verbondsvervulling en dus die seënryke besit van die beloofde heilsgoedere. (Terloops: hierdie geloof werk die Heilige Gees in die hart van die verbondskinders-hierop kom ons later terug).

Dit is **verbondseën**. Pragtig sien ons dit by Abraham: Deur, die geloof word die beloofde heilsgoedere vir hom 'n seënryke besit: Gen 15:6 : "En hy het in die HERE geglo; en Hy het hom dit tot geregtigheid gereken." Vgl. ook Rom 4:18-22 waar dieselfde duidelik in verband met Abraham uiteengesit word, en Rom 5:1-2 waar die seën so beskryf word: "Omdat ons dan uit die geloof geregverdig is, **het** ons vrede by God deur ons Here Jesus Christus; deur Wie ons ook deur die geloof die **toegang verkry het** tot hierdie genade waarin ons staan".

Aan die anderkant: Ongeloof aan die beloftes en ongehoorsaamheid aan die eis, lei tot **verbondswraak** en ewige verdoemenis van die verbondskind. Hiervan spreek die Heilige Skrif oorvloediglik. Enkele voorbeelde:

Mat 11:20-24 : Die 'verbondstede' Gorasin, Betsaïda en Kapernaüm ondergaan 'n swaarder oordeel as die 'heidenstede 'Tirus en Sidon, want eersgenoemdes het soveel meer ontvang.

Heb 3:14-19 tot Heb 4:3, is 'n **baie duidelike** verklaring van die wraak wat Israel getref het vanweë **ongeloof** in die beloftes, en 'n sterk waarskuwing aan die deelgenote van die Nuwe Verbond om nie dieselfde weg op te gaan nie 'terwyl die belofte om in Sy rus in te gaan, nog standhou'.

Vgl. verder Heb 10:26-31 wat eindig met die ontsettende woord: "My kom die wraak toe, Ek sal vergelde . . . Die Here sal sy volk oordeel. Vreeslik is dit om te val in die hande van die lewende God". Alhoewel hier nie met soveel woorde van 'verbonds"-wraak gepraat word nie, word dit tog veronderstel want die grondtoon van die Hebreërbrief is die heerlikheid van die Nuwe Verbond waarin die Oue oorgegaan het in Christus. Dink verder maar aan die profete uit die Ou Testament, Amos (Amos 3:1-2); Hosea (11 en 12) en soveel andere. Baie duidelik is Deut 11:26-29.

Hoe kan - dis 'n logiese vraag - daar nog sprake wees van verbondsbreuk en verbondswraak by diegene wat spreek van die inwendige-uitwendige verbond? (vgl. paragraaf 2.2.2).

Immers: hoe kan jy die verbond breek as jy nie werklik tot die verbond behoort het nie, of maar net 'n 'halwe' belofte of 'n 'nie-volle' doop ontvang het? Wie nie **eg** tot die verbond behoort nie, kan tog nie as verbondsverbreker gestraf word nie!

Ter verdere toeligting 'n eenvoudige voorbeeld:

'n Vader met tien kinders kan, indien van hulle so ongehoorsaam optree en hulle vader se liefde in sy aangesig teruggooi, hulle onterf en uit sy huis wegjaag . . . Maar dit maak nie dat hulle net 'uitwendige' of 'nie-volle' kinders was nie!

Eenvoudig gestel: Die **gehoorsame verbondskinders** erf die seën. Jakob, alhoewel bedrieër, bekeer hom en worstel met God om die seën.
Die ongehoorsame verbondskind ondergaan die wraak. Esau, verag sy eersgeboortereg en word 'n 'hoereerder' genoem. (Heb 12:16). Dit dui op sy **ontrou** in die verbond. Dit kon nie gesê word as hy nie wesentlik tot die verbond behoort het nie!
Om saam te vat: Tot alle gedooptes, alle bondelinge, kom die belofte waar en opreg: "Ek skenk julle die ewige lewe". Tot **almal, gelykelik,** kom die eis: Glo dit en bekeer julle tot 'n lewe van gehoorsaamheid in Christus". Geloof lei tot verbondseën. Ongeloof lei tot verbondswraak.

2.2.5 Verband tussen verbond en uitverkiesing

God is die uitverkiesende God, en in Sy ewige Raad is die getal van Sy uitverkorenes van ewigheid af aan Hom bekend. Diegene wat Hy daartoe verordineer het, word salig. Dordtse Leerreëls Hfst. 1 par. 8. By God is die 'vertrekpunt' in verband met Sy werke altyd Sy ewige Raad.

Dis die vir-ons-verborge-dinge.

By ons mense gaan dit om die geopenbaarde dinge, en daarom kan die vertrekpunt **nie** die uitverkiesing wees nie.

Goed, wat **weet** ons nou?

Ons kan soos volg opsom:
1. Alle kinders van gelowiges, gedooptes, is ware verbondskinders.
2. Nie alle verbondskinders is uitverkorenes nie (want in die praktyk tref die verbondswraak sommiges vanweë ongeloof).
3. Daar is dus gehoorsame verbondskinders en ongehoorsame verbondskinders.
4. Die gehoorsame verbondskinders is diegene wat die belofte met 'n ware geloof van harte toeëien.
5. Daarom word hulle salig en so **blyk dit** dat **hulle** uitverkorenes is, want alleen die uitverkorenes word salig.

6. Hierdie geloof is egter ook gawe van God, sodat daar geen sprake is van Remonstrantisme (vrye wil van die mens) nie. Tog word prakties die **volle verantwoordelikheid** van die mens **naas** God se soewereiniteit gehandhaaf.
7. **Die gelowige, gehoorsame verbondskinders blyk dus uitverkorenes te wees.**
8. Vir ons mense is die vertrekpunt dus die verbond, en die **aankomspunt** die uitverkiesing.

Die Verband tussen Uitverkiesing en Verbond kan ons dus so formuleer:
God verwerklik Sy ewige verkiesing hier in die tyd, binne die verbond, by die verbondskinders wat deur Sy genade in Christus die belofte van harte glo.

Nog korter: Verkiesing en verbond bereik albei hulle voleindiging in die saligheid van dié verbondskinders wat glo.

2.2.6 Verbond en geloofsekerheid

Om tot geloofsekerheid te kom, begin die verbondskind in sy selfondersoek (selfbeproewing) **nie** by die uitverkiesing nie. Want dan sou hy moes soek na subjektiewe **kenmerke** waaruit hy sou kon aflei of hy werklik aan God behoort of nie! Dan word jou sekerheid afhanklik van jou gevoelens, en dis heel onbetroubaar. 'n Skip, om vastigheid te kry in stormagtige waters, gooi sy anker uit **nie op die onderdek** nie, maar buite op die rotsbodem!

Daar moet **betroubare gronde** wees. En dié vind ons in die verbond en Godsbelofte.

Die verbondskind vra dus nooit twyfelend "Is ek kind van God?" nie, om dan aan die hand van allerlei kenmerke tot 'n positiewe gevolgtrekking te kom. Die verbondskind stel: "Ek is kind van God!"4 Want God het jou as Sy kind gebore laat word uit gelowige ouers. Die selfbeproewing behels dan wel: Hoe 'n kind is ek? Indien ongehoorsaam, moet ek my tot gehoorsaamheid bekeer. Die soeker na geloofsekerheid vra nie: Is ek in die verbond nie, maar **sê**: Ek is in die verbond! Dan vra hy: Leef ek wel soos dit 'n verbondskind betaam?

Ek **vra** tog nooit Is ek 'n kind van my pa en ma? Om dan aan die hand van allerlei kenmerke en persoonlike gevoelens uiteindelik vas te stel dat ek wel aan hulle behoort nie! My kindskap is nie afhanklik van my gevoel van kindwees nie! Ek sê: Ek is my pa en ma se kind. Hulle het my in die wêreld gebring.

Ek vra dan wel: **Hoe 'n kind** van my ouers is ek? En dan moet ek regmaak as dinge verkeerd is! Hoeveel te meer dan nie in verband met ons verhouding tot God in die verbond nie?

Een ding mag die soeker altyd **weet**: (Hier hoef hy nooit te 'hoop' of te 'veronderstel' nie). Die belofte van die ewige lewe is werklik vir my bedoel. Ek moet dit maar net glo. En deur die geloof verkry die verbondskind ook uiteindelik sekerheid oor sy uitverkiesing.

Hier net 'n **vanselfsprekende opmerking**: Die meer genoemde 'uitwendige-inwendige' verbondsiening, volle en nie-volle belofte, ens. is natuurlik die doodsteek vir geloofsekerheid. Immers op watter objektiewe vaste bodem kan ek nou die anker uitgooi? Sê nou net ek behoort slegs aan die uitwendige verbond . . . Goddank vir die vastigheid en sekerheid van Gods beloftes.

Wat 'n voorreg dat hierdie belofte van die evangelie gepreek mag word, met die bevel van geloof en bekering!

Dit het dus nou tyd geword om meer spesifiek, teen hierdie hele agtergrond, te let op die **prediking**.

3. DIE VERKONDIGING VAN DIE EVANGELIE TEEN BOGENOEMDE AGTERGROND

Wat is die prediking tog anders as juis die amptelike skenk van hierdie belofte aan Gods Verbondskinders?

Laat ons dit duidelik stel:

Die **Verbond** is die **basis** van die verhouding tussen God en Sy kinders.

Die **Prediking** is die **ontmoeting** tussen God en Sy kinders, juis op daardie basis.

Soos ons in die begin gestel het, sluit ons by 'prediking' ook die bediening van die Sakramente in omdat albei dieselfde evangelie verkondig - vgl., vraag en antw. 67 Heidelbergse Kategismus, en die Sakramente ook daarby die Woord beseël tot versterking van die geloof.

Ons gaan skynbaar agterstevoor begin deur eers by die Sakramente stil te staan, maar ons doen dit om twee redes:

- Eerstens kry die verbondskind éérs met die doop en daarna met die Woordprediking te make, en dit is belangrik om te sien **wat** die doop verkondig en beseël aan die dopeling, omdat hieroor die gedagtes in Gereformeerde kringe sterk uiteenloop.

- Tweedens wil ons by die Woordprediking kortliks let op die interessante siening van A. Kuyper, wat aansluit by sy sakramentsbeskouing, en wat makliker verstaan kan word as ons eers sy sakramentsbeskouing nagaan.

3.1 Wat verkondig en beseël die sakramente?

Laat ons dadelik let op die siening van Kuyper, wat nog baie algemeen in Gereformeerde kringe nagevolg word.

C. Veenhof in sy boek 'Predik het Woord' analiseer Kuyper se doopsbeskouing, en toon duidelik aan hoedat hy die **grond** vir die kinderdoop sien in die 'veronderstelde wedergeboorte'.

Kuyper se siening oor 'wedergeboorte' is bekend. Die wedergeboorte is volgens hom die inplanting van 'n 'geloofskiem', die geloofshebbelikheid of geloofsvermoë in die hart van die kind in sy vroegste bestaansoomblikke. Dit vind plaas deur 'n direkte werking van die Heilige Gees. Hierdie 'kiem' kan sluimerend lê vir jare, en dan, deur die Woordverkondiging, ontkiem en as 'geloofsgeloofsvermoë en die latere geloofswerksaamheid.

Nou sê Kuyper: Die moontlikheid van so 'n genadewerk van God in die siel van ons kind, moet by al ons kinders aangeneem word. Wanneer nou die ouers werklik in die verbond lewe, dan is dit hulle plig om elkeen van hulle kinders wat vir hulle gebore word "in de onderstelling dat het genadewerk Gods reeds in hen plaats greep, in den Naam van God Drieenig te laten doopen".5 (A. Kuyper: E Voto lll pag. 10, 11, 12).

Elders sê Kuyper: "Onze voorstelling kwam hierop neer dat de Heilige Doop een voorafgaand genadewerk Gods onderstelt, en alzoo een zegel is op wat Hy in de ziel reeds vooraf gedaan heeft".5 (A. Kuyper: E Voto III pag. 10, 11, 12).

En "De bediening zelve van den Doop kan nooit anders rusten dan op de onderstelling dat in het te doopen kind zelf het ingeplante geloofsvermogen, op eeue voor ons verborgene wijze, reeds aanwezig is".5 (A. Kuyper: E Voto III pag. 50)

Hierdie veronderstelling van 'n aan-die-doop-voorafgaande genadewerking van God **in die hart** van die te dope kind; van 'n voor-die-doop-reeds-aanwesige saad van die wedergeboorte, geloofsvermoë of geloofskiem, is nou vir Kuyper die grond vir die kinderdoop. Later skryf hy weliswaar "dat de **rechtsgrond** voor den kinderdoop alleen aan het verbond kan ontleend worden; . . . maar de diepere, de **geestelike grond** ligt alleen in het vermoeden van wedergeboorte, in de veronderstelde wedergeboorte".6 (A. Kuyper: De Gemeene Gratie II pag. 219).

Die doop verseël dus inwendige genade wat reeds geskenk is deur 'n direkte onmiddellike werking van die Heilige Gees. Eweneens by die nagmaal. Die nagmaal verseël volgens Kuyper by die volwassene inwendige genade wat hy reeds ontvang het. **Die sakramente verseël dus aan die verbondskind dat hy wedergebore is.** Maar by die doop kan jy die wedergeboorte slegs 'veronderstel'!
Kan ek dit dus nou so stel:
Die doop is 'n seël. Dit wil sê, **waarborg sekerheid**.
Seël waarvan?
Seël van 'n veronderstelling!!

Hoe kan dit?
Wat beteken so 'n sakrament?

Hier duik ook die **onoorkomelike probleem op van dié dopelinge en nagmaalsgangers wat wel verlore gaan.** Want nie alle verbondskinders, gedooptes, word salig nie . Was hulle doop dan 'n vergissing? Kuyper gee te kenne dat hierdie saak tot die verborge raad van God behoort. Hy sê voorts dat alleen by hulle wat die geloof (d.w.s. as kiem, vermoeë) besit van 'n **ware** doop sprake kan wees, en dat gedooptes in wie se hart hierdie geloof nie aanwesig was nie, alleen maar 'n **skyndoop** ontvang het.

Ek glo, hierteenoor, dat die verborgenheid of onbegryplikheid van gedooptes wat verlore gaan nie lê op die vlak van ware (volle) doop en skyndoop nie, maar op die vlak van **ongeloof** in die beloftes van die verbond. Hoe kan 'n bondeling verlore gaan? Nie omdat hy slegs 'n skyndoop gehad het nie, maar omdat hy sy egte doop nie reg waardeer het nie!!

Wat word, volgens Kuyper, van:

- die **sekerheid** (seël) van die sakrament - (sê nou maar my doop was net 'n skyndoop) en

- die **verantwoordelikheid** van die bondeling? (kan een wat net maar 'n skyndoop gehad het, later verantwoordelik gehou word omdat hy nie in die nuwe gehoorsaamheid gewandel het nie (vgl. Doopsformulier: "Alle verbonde het twee kante ...")

Wat het ek aan so 'n sakrament wat op veronderstellings berus?

Laat ons weet: Skrif en Belydenis ken slegs een grond vir die bediening van die Sakramente, **naamlik die Verbond**. Die kinders word gedoop 'omdat hulle in die verbond begrepe is' (Heidelbergse Kategismus vraag en antwoord 74). Die volwassenes gebruik die nagmaal omdat hulle tot die genadeverbond behoort (Nagmaalsformulier: "En dat ons dit **vas kan glo** dat ons tot hierdie genadeverbond behoort, het die Here Jesus ...")

Waarvan is die Sakramente tekens en seëls?

Nie dat ons reeds salig is nie.
Nie dat ons wedergebore is nie.
Nie dat ons uitverkies is tot die ewige Saligheid nie. **Nie** dat ons 'n ingestorte genade ontvang het nie.

Dus: Nie wat ons inwendig voor God is nie, maar wel: **wie God objektief vir ons is.**

Die sakramente bevestig die waarheid en getrouheid van God se spreke tot ons in die verbondsbeloftes. Die beloftes word verseël en **nie ons geloof nie**. Die verseëling van die beloftes appelleer dan juis op ons gelowige aanvaarding daarvan.

Om terug te kom na ons eenvoudige beeld van vroeër. Ek het R10.00 in my sak wat ek vir jou wil gee. Ek sê aan jou: Ek wil die R10.00 in my sak aan jou gee. (Die belofte in die woordverkondiging). Jy glo dit moeilik: Ek haal die R10.00 uit my sak en **wys** dit vir jou en

sê: **Kyk** daarna, en neem dit. (Die sakrament as seël van die belofte). Die sakrament verseël **nie dat jy dit al het nie**, maar wel dat dit **regtig** vir jou gegee word.

Hierdie belofte kom in die verbond, in die sakrament by wyse van **eed** na ons toe. Die beswaar word naamlik soms geopper: "Maar as dit alles so is, is dit dan anders as die evangeliebelofte aan die heidene? By die heidene kom die aanbod van die genade tog ook as 'n ernstige aanbod?" Heyns stel dit mooi:

"de Heiden tot wien het Evangelie komt, heeft daarom de aanbieding, de schenking van alles wat het Verbond den bondeling schenkt. Doch daarmee is niet gezegd dat dan ook de heiden, zoodra het Evangelie tot hem komt, in al de weldaden deelt, waarin de bondeling deelt. Integendeel. De heiden heeft de schenking alleen in den vorm van een eenvoudige aanbieding, maar de bondeling heeft de schenking in den vorm van een verbond, van een Goddelijke, met eede bezworen, en door den Doop, als met een 'ontwijfelbaar getuigenis' aan hem verzegelde verbintenis, 'opdat hij die de toevlucht genomen heeft om de voorgestelde hoop vast te houden, in twee onverandelijke dingen, in welke het onmogelijk is dat God liege, een sterke vertroosting zou hebben', Heb 6:18. En, wat niet minder een zaak is van heerlijke beteekenis: niet de heiden, maar wel de bondeling is gemaakt tot een rank van den waren wijnstok".7

Ons herhaal: Die sakramente verseël die **belofte** en nie ons geloof nie. Hieroor is die Heidelbergse Kategismus baie duidelik:

Antw. 66: "Die Sakramente is . . . deur God ingestel om ons deur die gebruik daarvan die belofte van die evangelie des te beter te laat verstaan en te verseël ...".

Antw. 69: "So, dat Christus daarby beloof het .."

Vraag 71: "Waar het Christus ons beloof dat Hy ons so seker met Sy bloed en Gees wil was, as wat ons met die doopwater gewas word . ..?" (Let op die 'wil'). (Vgl. ook antw. 75 "en daarby ook beloof het").

Maar nou lê dit op die weg en verantwoordelikheid van die bondeling om daardie beloftes **te glo**. Die sakramente maak dit makliker om te glo.

Alleen as jy glo, word die belofte aan jou vervul. (-vgl. wat ons in hierdie verband gesê het by pt. 2.2.3). Laat hieroor geen onduidelikheid bestaan nie: geloof is absolute voorwaarde vir saligheid. Jy word in die verbond, ook met gebruik van die sakramente, nooit 'outomaties' salig nie!

As jy wel verlore gaan, lê die fout nie by die sakrament of by God, of by die evangelie (uitwendige, nie-volle bediening) nie, maar by **jou** wat nie **wou** glo nie. As jy glo, aan die anderkant, is dit nie jou vrye wil en verdienstelikheid nie, maar Gods loutere genade. Oor hierdie twee waarhede, naamlik die menslike verantwoordelikheid **en** die Soewereine genade van God is die Dordtse Leerreëls baie duidelik. - Vgl. hfst. 2, par. 5, 6, 7; en Hfst. 3 en 4, par. 9 en 10.

Ons kan hier ook weer herhaal wat vroeër gesê is: God verwerklik sy uitverkiesing by die verbondskinders wat die belofte (soos verseël in die sakramente) met 'n ware geloof aanneem.

Hier is geen sprake van Remonstrantisme nie, want die geloof bly ook steeds gawe van God (Efes. 2:8). Ons buig hier stil voor die verborge raad van God, waarvolgens Goddelike soewereiniteit en menslike verantwoordelikheid naas mekaar ten volle gehandhaaf word.

Oor die plek van die geloof ten opsigte van die belofte en die geloof as voorwaarde tot saligheid, sê ons weer by die volgende paragraaf waar ons spesifiek stil staan by die prediking. Want beide genademiddels, Woord en Sakramente roep om geloof by die Verbondskind. Dit wil ons dan nou nader besien.

3.2 Tot wie spesifiek in die gemeente rig die prediking van die evangelie (die belofte) sig?

3.2.1 Kuyper se Beskouing

Hier moet ons ook weer eens Kuyper se beskouing nagaan, en ons sal sien dat alles presies in lyn lê met sy sakramentsbeskouing. Reken die prediking alleen met die lewendes (ware gelowiges) of ook met die dooies (huigelaars)?

Hier volg 'n kort uiteensetting van Kuyper se siening in hierdie verband 8: Net soos by die Sakramente, waar by die bediening daarvan die wedergeboorte veronderstel word, reken ook die prediking alleen met die wedergeborenes. Daar is die 'lewendes' en die 'dooies'. Die dooies is dood en kan deur geen prediking lewend gemaak word nie. Die prediking in die gemeente geskied immers in die veronderstelling dat die prediking **gehoor** kan word, en tot daardie hoor is alleen die 'lewendes' in staat. 'Dooies' **hoor** nie. "Maar dood moet dan ook als dood genoemen worden, en niet als **schijn**dood, of als **half** levend, of als van zichzelf gevallen. **Dood** is: God en menschen hatend. **Dood** is 'onbekwaam tot enig goed en geneigd tot alle kwaad'. **Dood** is doof, geestelik stokdoof, en buiten machte om, by ontstentenis van alle geestelijk oor, te verstaan . . . Alleen wie ooren heeft om te hooren, die hoort wat de Geest tot de gemeente zegt." ("De Reformatie" no 949 1 Maart 1896). Dit maak dus dat die Diens van die Woord met hierdie "dooies" nie kan reken nie.

Nou moet ons weer daarop wys dat Kuyper 'n eie siening het van die wedergeboorte uit daardie 'doodstoestand'. Soos ons gesien het in die vorige paragraaf, werk die Heilige Gees, volgens Kuyper, die wedergeboorte onmiddellik, 'Sonder en voor die Woord'9 in die hart van die mens, wanneer dit die geloofskiem, die geloof as 'n 'iets' 'n 'hebbelikheid' in die hart van die mens inplant. (Kuyper: E Voto lll pag. 410 vv).

As 'n prediker nou in die vergadering van die gelowiges optree, dan het hy voor hom diegene wat die Heilige Doop ontvang het as kinders van gelowiges, en daarom gereken moet word as wedergeborenes, totdat die teendeel bewys word en dit later sal blyk dat hulle maar net 'n skyndoop ontvang het, en al die tyd wel 'dooies' was.

Maar by die prediking gaan jy volgens Kuyper, net soos by die sakramente, uit van die 'veronderstelde wedergeboorte' by die hoorders. Jy veronderstel dat hulle reeds die genade en die geloofskiem deelagtig is. Nou hou die Woordbediening in die gemeente volgens Kuyper in dat die Woord tot bekering moet roep diegene van wie die kerk aanneem dat die genade van die wedergeboorte waarskynlik reeds hulle deel is, en dat hulle op **daardie** grond aan die bekeringsroepstem kan en moet gehoor gee.

Daar is dus sprake van **tweërlei** genade: Die eerste, fundamentele genade maak lewend uit die dood (wedergeboorte. buite om en voor die Woordbediening) en die tweede sekondêre, genade wek die sluimerende geloofskiem op tot bewuste geloofslewe.

Waar egter die veronderstelling by die doop in die latere lewe van die mens geloënstraf kan word, en dit kan blyk dat 'n gedoopte tog nie 'leef' nie, maar dood is, moet juis die prediking dien om dit te openbaar, om dit aan die lig te bring, en so die gelowige karakter van die gemeente te handhaaf.

Dit kom dus hierop neer: Die prediking moet die onbekeerlikes (dooies) uit die gemeente verwyder; die bekeerlikes (wat die veronderstelde geloofskiem het) tot bekering bring, en die klaar bekeerdes van genade tot genade lei. In dié drie stukke voleindig die Diens van die Woord sy taak. (Vgl. "De Reformatie" no 955, 12 April 1896).

Vir Kuyper geld dus as objek van die prediking slegs die 2 groepe naamlik onbekeerdes en bekeerdes (onbekeerdes wat wel 'bekeerlik' was, want dis 'onbekeerdes' in die sin van mense wat reeds die geloofsvermoë besit, maar dit nog nie tot wasdom gebring het nie). Met die dooies (huigelaars) kan nie gereken word nie. Vir huile het die prediking alleen die betekenis dat hulle as dooies openbaar sal word en al meer verhard sal word. Niks meer nie. Tot sover Kuyper.

3.2.2 Wat is die gevolge van hierdie siening in die praktyk?

Myns insiens kan ons dit so opsom: Dit veroorsaak onrus en onsekerheid by die ware gelowige; Dit bring mee onverskilligheid by die ongelowige en die huigelaar - en dit terwyl die prediking van die evangelie presies die teenoorgestelde teweeg wil bring!! Ek sê dit om die volgende redes:

Hier kan die hoorder van die Woord nie sommer vrymoediglik die belofte vir homself toeëien nie. Want sê nou ek is 'n 'dooie', ek het nie die 'kiem' van die geloof' nie? Sê nou ek is **onbekeerlik**? Daarom sal die hoorder eers langs die weg van subjektiewe selfondersoek moet vasstel of hy by hom die tekens van lewe bespeur, om dan tot die gevolgtrekking te kom of hy 'n uitverkorene, 'n wedergeborene is, aldan nie; en indien wel, dan eers kan hy die belofte vrymoediglik aanvaar!

Watter onrus en onsekerheid! En hoe word alle gemoedsrus afhanklik gemaak van die subjektiewe gevoelens en tekens! Aan die anderkant sou dit gebeur dat die huigelaar, wat juis tot bekering opgeroep moet word, fatalisties en lydelik sy verantwoordelikheid afgooi, want - ek het mos nie die geloofskiem gekry nie; ek is nie deur die Gees wedergebore nie ...

Samevattend: so word die bediening van die Woord van sy tipiese verbondskarakter as belofte en eis beroof. Die versekerde **en** die appellatiewe wesensaspekte word in werklikheid gemis.

3.2.3 Hoe moet ons Kuyper en diegene wat hom navolg, se siening verder beoordeel?

Hier word geopereer vanuit die 'verborge dinge' wat meebring dat jy in onsekerhede en veronderstellings verval. (Wat die Sakrament, met Sy verseëlingskarakter en die Woord eweneens met Sy beloftekarakter juis **nie** wil wees nie! - Dit wil **sekerhede** gee en waarborge wees!)

Kuyper speel op 'n ongeregverdige manier die goddelike soewereiniteit en die menslike verantwoordelikheid teen mekaar af. So kom van die menslike verantwoordelikheid prakties nie veel tereg nie.

Verder: Die eenvoudige 'beloof-en-geloofweg', soos geopenbaar in die Heilige Skrif, word hier verdring deur allerlei filosofiese, skolastiese strukture en konstruksies.

Die begrippe 'genade' en 'geloof' word in werklikheid gesien as **dinge**, feitlik **substansies** wat deel word van die menslike siel. - Jy **kry genade**, jy **het** geloof. (Wedergeboorte wat 'genade', 'geloof' in jou inplant as 'n saad, 'n kiem wat later moet uitgroei . . .) Hiermee hang saam dat Woord en Gees geskei word, en die gevaar van die mistiek word wesentlik.

3.2.4 Wat is nou die taal van Skrif en Belydenis, die geopenbaarde wil van God.

Eerstens: Wedergeboorte, Woord en Gees.

Die Skrif gebruik selde die term 'Wedergeboorte'. Twee voorbeelde vind ons in Joh 3:3 en 1 Petr. 1:23. Op besonderhede kan ons nou nie ingaan ..._, maar kortliks kan ons stel dat op albei hierdie plekke '**weer gebore word', 'wedergeboorte', sien op die totale lewensvernuwing van die sondaarmens.** Nikodemus se hele lewenspatroon (Fariseïsme) moet radikaal verander tot 'n lewe van geloof in Jesus Christus - van verdienste-lewe na genade-lewe. Alleen dan kan hy salig word. (Joh 3:16 en volgende verse) Petrus dui ook op die nuwe lewe wat deur die verkondigde Woord, die 'saad van die wedergeboorte', by die gelowige ontstaan. Let wel: Die geloof is nie die 'saad' nie; wel die **Woord**! Pragtig is daar: die opgroei deur die 'onvervalste melk van die woord'.

Nie een van hierdie plekke dui enigsins op 'n mistieke Geesteswerking wat 'n 'geloofskiem' in 'n passiewe mens inplant nie. Dit is eenvoudig die Heilige Gees wat deur die verkondigde Woord die geloof laat ontstaan, en die lewe vernuwe. Vgl. Heidelbergse Kategismus, Antw. 65; "Waar kom so 'n geloof dan vandaan? - Van die Heilige Gees, wat die geloof in ons harte werk deur die verkondiging van die heilige Evangelie . . .". Ook Ned. Gel. Belydenis, Art. 24: "Ons glo dat hierdie waaragtige geloof, in die mens gewerk deur die gehoor van die Woord van God en die werking van die Heilige Gees, hom **wederbaar** en tot 'n nuwe mens maak, hom 'n nuwe lewe laat lei en hom vrymaak van die slawerny van die sonde".

Waar die Dordtse Leerreëls die wedergeboorte beskryf, dui hy weer meer op daardie **eerste ontstaan** van die nuwe lewe in die dooie hart, maar sien dit dan ook nie as 'n inplanting van 'n kiem, of geloofsvermoë, deur die Gees buite die Woord om nie. Vgl. Hfst. 3 en 4 par. 12. ". . . En dit word in ons nie teweeggebring deur middel van die uiterlike prediking alleen nie . . . Maar dit is 'n geheel bowenatuurlike, baie kragtige ... werking van God in die hart . . .". Dit wil sê: die nuwe lewe ontstaan as 'n **wonder**, en dit werk God in die hart en lewe van die sondaar, nie deur die prediking alleen nie, maar ook deur die Gees - Woord en Gees werk saam. Die Gees gebruik die Woord as instrument om lewend te maak. Vgl. Hfst. 3 en 4, par. 17: "Net so sluit ook die voormelde bowenatuurlike werking van God, waardeur Hy ons wederbaar, volstrek nie uit nie, en dit stoot volstrek nie omver die gebruik van die Evangelie wat die wyse God as 'n saad van die wedergeboorte en as 'n spys vir die siel verordineer het nie.".

Wie Woord en Gees gaan skei, haal uitmekaar wat God bymekaar gevoeg het!

Tweedens: 'Genade' en 'Geloof'.

Pragtig is hier - in sy verband - Efes: 2:8, "want uit genade is julle gered, deur die geloof".

Uit: genade: 'Genade' is nie 'n **iets** wat invloei in die mens by die doop of nagmaal of waar ookal nie, maar is altyd 'n **gesindheid** by God. Genade is: soos Hy gesteld is teenoor die mens op grond van die soenverdienste en Christus.

Efes. 2:1-10 beskryf 'n **proses**. Die proses van die lewendmaking van dooie sondaars:

1. '**Uit genade**': God is genadig-gesind.
2. Hy toon sy genade - **bewys** in die Middelaarsdood van Sy Seun Jesus Christus.
3. Hy bied ons Sy genade-**gawes** aan (wat neerkom op die LEWE in al sy vorms en skakerings, Efes. 2:1, 5, 6.
4. Hy bied dit aan deur die genade-**middels**: Woord (en sakramente) - vs. 17 (Ef_2:17): "En Hy het die evangelie van vrede kom verkondig aan julle wat ver was en aan die wat naby was."
5. **'Deur die geloof'.** Dit aanvaar ons nou deur die geloof. 'Geloof' is nie 'n 'kiem', 'n hebbelikheid, 'n substansie nie, maar 'n handeling, 'n **kenne** en **vertroue** (Sondag 7). Vgl. Jesus se reaksie op die **verkeerde** gebed van die dissipels om geloofsvermeerdering, Luk 17:5, waar Hy toon dat geloof nie 'n substansie is waarvan jy meer of minder kan hê nie.

Geloof is: om God eenvoudig op Sy Woord te neem en daarvolgens jou lewenskoers te laat bepaal,

Geloof, ons reaksie op God se aksie, is die hand wat ons uitsteek om te neem wat God in Sy Woord aan ons skenk.

6. Dan is die mens REGVERDIG deur die geloof. (Vgl. Gen. 15:8). Die mens is in Christus weer
reg by God. Daarom deel hy voluit weer in die lewe.-vgl. Heidelbergse Kategismus Sondag 23, vrae 59-61, oor die regverdiging deur die geloof.

Ons maak 'n paar **aantekeninge** by hierdie 'proses':

Ten eerste by pte. 3 en 4, **die aanbieding van die gawes**, anders gesê: 'die skenk van die belofte': Hierdie 'aanbod' geld die hele gemeente en nie slegs die uitverkorenes nie, of die 'lewendes' nie, soos Kuyper leer.

Dordtse Leerreëls Hfst. 2, par. 5: "Verder is dit die belofte van die Evangelie dat elkeen wat in die gekruisigde Christus glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê; en hierdie belofte moet aan alle volke en mense . . . sonder onderskeid verkondig en voorgestel word, met die bevel van bekering en geloof".

En Hfst. 3 en 4 par. 8: "Maar almal wat deur die Evangelie geroep word, word in alle erns geroep. Want God gee ons in alle erns en waaragtiglik in Sy Woord te kenne wat Hom welgevallig is; naamlik dat diegene wat geroep is, tot Hom moet kom. Hy beloof ook in alle erns aan almal wat tot Hom kom en glo, dié rus vir hulle siele en die ewige lewe".

As dit alles waar is ten opsigte van verbondskinders **en** heidene, hoeveel te meer dan vir **alle** verbondskinders!

Veenhof haal Gispen ook in hierdie verband aan:

"God roept ons, stervelingen, niet om langs den weg van het afgetrokken denken en redeneering Hem in Zijn vrijmacht te begrijpen; maar Hij roept ons tot het geloof in Zijnen Zoon Jezus Christus, tot aanneming van het evangelie. Ook openbaart Hij zich niet aan ons in eene leer over de verwerping; maar Hij heeft zich tot ons in betrekking gesteld in het verbond der genade, in de prediking der verzoening . . . Houdt u aan den geopenbaarden wil Gods. God bied door het Evangelie zijnen Zoon Jezus Christus aan Hij noodigt allen die maar willen, dat ze zullen komen. Hij belooft dat allen, die in den Zoon gelooven, het eeuwige leven zullen hebben".10

Ten tweede aantekeninge by pt. 5 en 6: '**deur die geloof regverdig'.**

Ons mag dit selfs so sterk stel: Jy word salig (regverdig) **op voorwaarde dat jy glo**. Heidelbergse Kategismus, antw. 60, waar al die weldade in Christus vir my 'n bate, 'n werklikheid, word "vir sover ek dié weldaad met 'n gelowige hart aanneem".

Ook Heidelbergse Kategismus, antw. 84: "... al hulle sondes waaragtig terwille van die verdienste van Christus hulle deur God vergewe is, so dikwels as hulle die beloftenis van die Evangelie met 'n ware geloof aanneem".

Mar 16:16 : "Hy wat **glo** (en hom laat doop) sal gered word." Joh 3:15, Joh 3:16, Joh 3:18 : "Hy wat in Hom glo, word nie veroordeel nie; maar hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel . . ."

Remonstrantse 'vrye wil'? Roomse verdienstelikheidsleer? O Nee!

Die geloof kan nooit **verdienende** voorwaarde vir saligheid wees nie; wel middellike voorwaarde. Vgl. Heid. Kat. antw. 61: "Nie dat ek vanweë die **waardigheid** van my geloof God welgevallig is nie ... maar dat ek dit nie anders nie as alleen **deur** die geloof kan aanneem en toeëien".
Ons kan dit so sê: God bied in die prediking die genadegawes aan sy verbondskind aan nie OMDAT hy sy geloofshand uitsteek nie, maar SODAT hy dit sal uitsteek en neem. As hy dit dan geneem het, as hy glo, kom die verbondskind tot rus in die uitverkiesende genade van God. Want ook die geloof is nie uit jouself nie, dit is die gawe van God. Heid. Kat., antw. 65, Efes. 2:8 . . . "en dit nie uit julleself nie; dit is die gawe van God".

Ongeloof in die belofte is eie skuld - Dordtse Leerreëls II, par. 6. Geloof in die belofte is soewereine genade - D.L. II, par. 7.

So word God se soewereine beskikking **en** die mens se verantwoordelikheid albei gehandhaaf, sonder om die twee as mededingende magte te sien of die een teen die ander uit te speel. **Hoe** God albei handhaaf, bly vir ons menslike verstand 'n **verborgenheid** - ons aanvaar dit gelowig omdat God dit so in Sy Woord leer.

Maar eweneens: heerlik duidelik is die geopenbaarde weg van Gods Woord oor die prediking van die evangelie aan die verbondsgemeente: die weg van die 'beloof-geloof'!

3.2.5 Waarom het Kuyper met sy wysgerige, skolastiese konstruksies gekom?

Dis 'n logiese vraag! Die antwoord is ewe logies. As jy in verband met die prediking van die evangelie aan die verbondsgemeente **die uitverkiesing** jou **vertrekpunt** maak, sal jy **moét** probeer om die geopenbaarde dinge te verstaan en te verklaar vanuit die verborge dinge. Dis **dan** wanneer jy nie anders kan as om te opereer met 'veronderstellings' nie.

By Kuyper kom dit daarop neer dat hy die verborge uitverkiesing in die geopenbaarde verbond wou akkomodeer.

Maar De Cock het destyds reeds gesê dat as mens teen die algemene prediking van die evangelie aan almal, bedenkings inbring, geneem uit die leer van die verkiesing van God die Vader ... dan bewys dit alleen maar - "den hoogmoed des menschen, waardoor hij in den in God verborgen raad zoekt door te dringen, en dit doet hem tevens vergeten, dat God ons

niet gesteld heeft om het in Hem verborgen oogmerk te doorgronden, maar om te doen zijn wil, ons in het Evangelie geopenbaard". 11

Pragtig sê De Cock verder:

"Predikt Christus ten alle tijde en met toenemende macht. Hij is het gansche Evangelie; Zijn persoon, Zijne heerlijkheid, Zijn werk moeten het groote, allesomvattende thema van ons spreken zijn . . . De rechtvaardiging door het geloof, moet, nog veel meer dan geschiedt, de dagelijksche verkondiging van protestantsche predikstoelen worden, en wanneer, ondergeschikt aan deze hoofdwaarheid en in verband tot haar, de overige leerstukken met getrouwheid verkondigd worden, zullen de gemeente en de maatschappij niet ongezegend blijven . .. Wij hebben geene roeping om wijsbegeerte of bovennatuurkunde, maar om het eeuwig Evangelie te verkondigen 12

Sy volgende woorde is baie sterk:

"In het verkondigen van het evangelie aan zondaren moeten wij handelen **alsof er geene verkiezing en verwerping bestonden**". Dit wil sê: ons hoef by die prediking geen oomblik daaroor te filosofeer of die mense tot wie die prediking uitgaan, kragtens Gods besluit uitverkorenes dan wel verworpenes is nie. Die belofte moet aan almal as 'n opregte aanbieding van die genadegawes gebring word.

Maar nou wys De Cock ook daarop dat al moet die evangelie aan sondaars gepreek word asof daar geen verkiesing en verwerping bestaan nie, neem dit nie weg nie dat die leer van die verkiesing tog 'n belangrike funksie het in verband met die prediking. Die uitverkiesing is met betrekking tot die prediking vir ons 'n vaste grond van sekerheid en vertroosting. Want die leer van die verkiesing gee ons die sekere wetenskap dat ons arbeid in die Here nie tevergeefs sal wees nie; dat daar altyd hulle sal wees wat glo omdat hulle deur God in Christus uitverkies is voor die grondlegging van die wereld om heilig en onberispelik voor Hom te wees in liefde.

Ons het hierdie afdeling begin met die vraag: reken die prediking alleen met die lewendes of ook met die dooies?

Ons vertrou dit is volkome duidelik uit Skrif en Belydenis dat die prediker voor die verbondsgemeente nie filosofies hoef te 'veronderstel' die hoorders het reeds die 'kiem van die geloof' ontvang en 'n onmiddellike wedergeboorte, en dat die belofte dus slegs toegeëien kan word deur die wat weet hulle is uitverkorenes . . . Nee, hy preek die evangelie, die eenvoudige belofte en eis aan al die verbondskinders, en hy **weet** vas en seker dat hulle almal verbonds kinders is, en hy **weet** eweneens vas en seker dat die Uitverkiesende God die geloof in die belofte sal werk in die harte van die kinders wat Hy tot die ewige lewe verordineer het. Hy moet maar net die Woord as 'saad van die wedergeboorte' bring in die vaste wete dat die Heilige Gees daar is om te doen wat God behaag.

Wanneer mens dit alles werklik verstaan het, verwonder jy jou nie meer daaroor dat bv. in die Heidelbergse Kategismus nagenoeg glad nie en in dié van Calvyn geheel-en-al nie oor die uitverkiesing gespreek word nie. Want as jy so spreek oor Gods genade, oor Jesus Christus, oor Woord en Sakrament, oor die sonde, oor die regverdiging deur die geloof

alleen, soos dit in hierdie kategismusse geskied, dan loof en prys jy die verkiesende God, dan lééf jy uit God se uitverkiesende voorneme in sy volle breedte en diepte, en dit op die enigste goeie en regte wyse - ook al noem jy dit nie in soveel woorde nie! 13

3.3 'Onderskeidelik' preek - sleutels van die hemelryk

Ons moet nog by een belangrike saak stilstaan: die sogenaamde 'oordeel' en 'genade' in die prediking - die prediking as 'twee-snydende swaard' wat moet skeiding maak, sodat 'vuil vuiler kan word en regverdige regverdiger' (Openb. 22:11) ens. Wat is die juiste Skriftuurlike verbondsbenadering hier?

Volgens Sondag 31 van die Heidelbergse Kategismus moet die prediking twee dinge doen: Die gelowiges vertroos en die ongelowiges veroordeel.

Dit gaan hier dus oor die sogenaamde 'onderskeidelik' preek. Sommiges verstaan hieronder dan dit: Die prediker moet daarmee rekening hou dat onder die gemeente daar hipokriete kan wees. Hy deel die gemeente vooraf in twee: gelowiges en hipokriete. Laasgenoemdes moet deur die prediking onrustig gemaak word, sodat hulle nie met 'n ingebeelde hemel verlore gaan nie. Hulle mag hulle die belofte nie toeëien nie.

Daarom moet die prediker eintlik telkens toepaslik die vraag stel of suggereer: "Het u deel aan hierdie beloftes?". Die toepassing kom prakties dan altyd hierop neer: Wat hier in die teks staan - die belofte - is wel waar; maar is dit waar ook vir u? "Dit is waar", daarmee, reken die pediker, is die gelowiges dan vertroos. "Is dit wel waar ook vir u?" Daarmee, reken die prediker, is die hipokriete dan vermaan en aan hulleself ontdek.

Die werklikheid is egter dat deur so 'n benadering presies die omgekeerde gebeur. Jy maak die gelowiges onrustig en wieg die hipokriete aan die slaap. Want alles word op losse skroewe geplaas. Jy gee die belofte met die een hand, maar trek dit met die ander hand weer terug. Die gelowige word aan die wankel gebring, en die hipokriet het dit werklik nie moeilik nie. Want aan hom word gesuggereer dat die kerk vir 'n deel bestaan uit mense wat aan die belofte geen deel het nie, aan wie die belofte nie toekom nie, en wat daarom ook nie onder die groot verantwoordelikheid staan ten opsigte van wat hulle met die belofte doen nie!

Die groot fout is: Hier sien die prediker die gemeente nie meer as kerk van Jesus Christus nie, en hy maak geen erns daarmee dat die belofte **almal** toekom nie, en dat daarom **almal** se verantwoordelikheid groot is, want tot **almal** kom ook gelykelik die eis van geloof en bekering. So ontneem hy die belofte sy inhoud, en die waarskuwing sy skerp prikkel.

'Onderskeidelik' preek is nodig. Maar dan nie op bogenoemde wyse, waarvolgens aan sommiges meer die genade en ander meer die oordeel gepreek word nie, of ook so dat **soms** die genade en **soms** die oordeel gepreek word om 'n goeie balans' in die prediking te behou nie. Nee, so word die prediking as't ware dualisties.

Die waarheid is: God stuur Sy knegte met dieselfde boodskap tot **almal**. Dit is een woord op die basis van die verbond wat tot **almal** kom.

Is onderskeidelik preek dan moontlik? Ja, want in alle verbonde is twee kante: **belofte** en **eis**, en hulle is onlosmaaklik verbonde aan mekaar. Die punt is dit: **Die belofte word onmiddellik 'n dreigement vir die wat nie glo nie.** Nie 50% genade-preke en 50% oordeels-preke nie, maar 100% genade-preke wat met een 100% veroordeling word vir hulle wat nie glo nie!

Nie aparte genade-boodskap vir hulle wat glo en aparte oordeelsboodskap vir hulle wat nie glo nie, maar dieselfde boodskap vir almal. Christus spreek die beloftes tot almal ook Judas - "Julle name is opgeskryf . . .". Maar Hy vermaan ook almal en waarsku hulle: "oppas vir die suurdeeg van die Fariseërs". Huigelaars moet ook die belofte hoor. En gelowiges moet ook die waarskuwing hoor.

'Onderskeidelik' preek, prediking as hantering van die sleutels van die hemelryk kom eintlik daarop neer: Nie aparte boodskappe vir aparte groepe nie, **maar aparte uitwerking van dieselfde boodskap.** Pragtig is hier Jesus se antwoord aan Johannes die Doper, Matt. 11, as Hy wys op sy genadewoord en genade-werke aan die mense en sê dan: "En salig is elkeen wat aan My nie aanstoot neem nie". Daar het jy dit. Die irritasie van die genade! Want genade vermurf harde harte **en** verhard en verwoed hoogmoedige harte wat **nie** van genade **wil** leef nie! En wat 'n **oordeel** word die genade dan nie! (Vgl. dieselfde Mat 11:20-24). So is die evangelie die **belofte** 'n twee-snydende swaard, 'n reuk van die lewe tot die lewe **en** 'n reuk van die dood tot die dood.

Met die verbond as basis en uitgangspunt word die prediking die magtige wapen in die Hand van God die Heilige Gees om dooie sondaars wonderdadig lewend te maak, maar ook hulle wat in ongeloof die belofte verwerp die wraak van die verbond te laat ervaar tot die ewige dood.

"Die Woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige twee-snydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart". – Heb 4:12.

4. KONKLUSIE: SKRIFTUURLIKE VERBONDSPREDIKING - SY APPEL; SY UITWERKING

Prediking is gewigtige werk. Dis die ontmoeting van die Verbonds-God met sy kinders. As ons nou alles wat gesê is, in aanmerking neem, wat sou ons, opsommend, stel as die wesentlike elemente van die preek aan die verbondsgemeente? Ek wil VIER sake noem: Die lidmaat wat na die bediening van die Woord luister, moet in elke preek die volgende duidelik kan vind:

Die genadegawe van God in Jesus Christus, as **VERBONDSBELOFTE**. (Die evangelie, die boodskap van verlossing uit ellende, die toesegging van Godsweë). Die lidmaat moet onomwonde weet: Hier vind ek vandag weer die weg tot verlossing en herskepping; en hoef daarna nie te gaan soek nie, ek hoef die belofte nie waardig te word nie. God skenk dit aan my onvoorwaardelik.

Die daarop-gegronde appél tot geloof en gehoorsaamheid as **VERBONDSEIS**. Die lidmaat moet onder die prediking onomwonde weet: Ek moet met die belofte-woord iets doen; dit is nie net vir kennisname nie; ek moet elke keer weer Christus en Sy weldade in 'n ware geloof myself toeëien, en my daagliks tot Hom bekeer.

Die gevolglike 'regverdiging deur die geloof' as **VERBONDSEËN**. Ek moet as lidmaat dankbaar kan sê "Omdat ons dan uit die geloof geregverdig is, **het ons vrede by God** deur ons Here Jesus Christus, deur wie ons ook deur die geloof die toegang verkry het tot hierdie genade waarin ons staan . . ." Rom 5:1-2.

Die moontlikheid van die oordeel van God wat 'n werklikheid word as ek nie glo nie, as **VERBONDSWRAAK**. Ek moet as hoorder duidelik besef dat as ek die genade-liefde van God sorgeloos en moedswillig verag en die belofte nie wil glo nie, ek baie meer oordelenswaardig is as die nie-verbondskind, die heiden. Mat 11:20-24.

As enige preek hierdie 4 momente: Verbondsbelofte, -eis, -seën en -wraak **nie** in een of ander vorm bevat nie, **is dit geen preek meer vir die christelike gemeente nie, want dan is dit nie hantering van die sleutels van die hemelryk nie.**

Suiwere verbondsprediking sal enersyds maak dat die **gehoorsame verbondskind**, wat die belofte waarlik, glo, kom tot verootmoediging en diepe dankbaarheid, omdat hy weet dat daardie geloof nie uit homself is nie, maar die genade-gawe van die soewereine God. So kom die verbondskind wat sy verantwoordelikheid besef het om te glo, **tot rus en vastigheid** in die uitverkiesende genade van God.

Andersyds sal die **ongehoorsame verbondskind** uit die prediking duidelik moet weet dat sy ongeloof en onbekeerlikheid nie die skuld is van God wat hom vantevore verwerp het nie, maar sy **eie skuld** en verantwoordelikheid. Hierin lê natuurlik vir die **denkende** gelowige 'n onverstaanbare verborgenheid, maar vir die **gelowige** denker 'n waarheid wat hy eenvoudig aanvaar, en waaroor hy hom nie verder bekommer nie, omdat hy weet hy het in die praktyk van sy geloofslewe met die **geopenbaarde** wil van God te doen.

En nou bly, ten slotte, vir ons slegs nog oor om 'n samevattende opsomming te gee van die stempel wat hierdie bepaalde verbondsuitgangspunt op die prediking afdruk, en veral die vrug van dié prediking **vir** en **in** die verbondsgemeente:

4.1 IN DIÉ PREDIKING WORD DIE **HELE** GEMEENTE, HOOF VIR HOOF AS VERBONDSKINDERS GESIEN EN AANVAAR. DIÉ PREDiKING IS DUS NIE 'N VAE ALGEMENE OPROEP TOT DEUGSAAMHEID EN BEKERING TOT KINDSKAP NIE MAAR IS JUIS DIE KONKRETE ONTMOETING TUSSEN DIE VADER EN SY KINDERS.

Dit bring dus 'n besondere band tussen God en die hele gemeente. Dié prediking het 'n dieper en inniger toon, want die liefde van God staan voorop en bepaal die hele benadering.

4.2. DIE PREDIKING VERKONDIG EN BETUIG AAN ALMAL, HOOF VIR HOOF, GELYKELIK DIE BELOFTES VAN DIE GENADEVERBOND, AS WAAR EN EG.

DIE PREDIKING EIS VAN ALMAL, HOOF VIR HOOF, GELYKELIK GELOOF IN DIE BELOFTES VAN DIE VERBOND, EN KINDERLIKE GEHOORSAAMHEID.

DIT BEKLEMTOON DUS MET BESONDERE ERNS DIE VERANTWOORDELIKHEID VAN DIE VERBONDSKIND.

Dit bring dus mee dat die gemeente nie vooraf in twee groepe verdeel word met 'n aparte 'boodskap' aan elkeen nie. Vir **almal** geld dit dat die beloofde heilsgoedere hulle deel word in die weg van geloofstoeëiening, en dat die **verbondseën** so uit genade hulle deel word. Vir **almal** geld eweneens die waarskuwing dat die **verbondswraak** oor hulle kom as hulle die beloofde heilsgoedere in ongeloof afwys.

4.3 DIÉ PREDIKING ERKEN TEN VOLLE DIE GODDELIKE UITVERKIESING IN CHRISTUS AS DIE EERSTE OORSAAK VAN DIE VERBONDSKIND SE GELOWIGE AANVAARDING VAN DIE BELOFTES, EN DAARMEE SAAM DIE GEHOORSAME BEKERING VOLGENS DIE EIS VAN DIE VERBOND. DIT VERKONDIG EGTER AAN NIEMAND DAT HY 'N UITVERKORENE IS NIE, WANT GOD ALLEEN KEN DIE GETAL VAN DIE UITVERKORENES, ALHOEWEL HY ELKE UITVERKORENE METTERTYD BY HOMSELF VAN SY UITVERKIESING VERSEKER.

Dié prediking wil dus niks weet van 'n 'vrye wil' of van enige verdienstelikheid by die mens voor God nie (soos wat trouens soms daarvan gese word nie!)

4.4 DIÉ PREDIKING VERKONDIG NIE, EN BERUS NIE OP VERONDERSTELLINGS NIE, MAAR WEL VASTE SEKERHEDE. WANT DIT MAAK SY VERTREKPUNT NIE DIE VERBORGE UITVERKIESING NIE, MAAR DIE GEOPENBAARDE VERBOND.

Dit ken dus nie so iets as 'n veronderstelde wedergeboorte nie, maar verkondig die **sekerheid** van Wie God vir die verbondskinders is: Die Getroue in Sy beloftewoord. Dit verkondig nie wie die kinders voor God is, in dié sin dat hulle 'inwendige' heil deelagtig is nie. Dit beklemtoon dat die verantwoordelike **geloofsreaksie** van die kinders op die gepredikte verbondsbelofte deel gee aan die heil.

Dié prediking help dus die verbondskinders tot 'n sekere en vaste besef van hulle staat voor God en dra wesentlik by tot **welbewuste geloofsekerheid**.

4.5 DIÉ PREDIKING, JUIS **OMDAT** DIE LIEFDE VAN GOD VOOROPSTAAN (vgl. 4.1) GAAN NIE DAAROM OP IN 'N "LIEWE-JESUS-SENTIMENTALITEIT" NIE, MAAR PROKLAMEER DES TE SKERPER DIE OORDELE VAN GOD.

Want: Om die genade-liefde sorgeloos en moedswillig te verag, is ontsettend meer oordelenswaardig as om bloot sy gebooie na te laat. Vergelyk die bekende 'wee-wee' van

Christus in die 'genaderyke' Matt. 11, waar Hy die 'verbondstede' **veroordeel** nie omdat hulle nie hulle **pligte** gedoen het nie, maar omdat die 'kragtige dade' hulle onbewoë gelaat het.

4.6 DIE PREDIKING WERK ALLE VORMGODSDIENS TEE

Want:

-Dit stel steeds vir die verbondskind voorop die **liefde** van die Vader en **nie** die vergelding van die Regter of Tiran nie, en dit vra die liefde van die kind teenoor die Vader (die wortel van die Godsdiens) en nie die formele pligpleginge van die slaaf teenoor sy baas nie. (Vgl. Mat 11:25-30 : Die bekende Heilandsroep "kom na My toe . . ." en Hos 6:6 : "want Ek het 'n behae in liefde en nie in offerande nie".)

- Dit maak altyd 'n ernstige appél op die verantwoordelikheid van die verbondskind om te glo en hom te bekeer, nie op grond van **vrees vir die hel nie, maar** op grond van **beskawing** vanweë God se verbondsgenade aan hom.

- Dit stel die kernvraag van die lewe aan die verbondskind: "Wat maak jy, **nie** in die eerste plek met die wette en verordeninge van die Here nie, **maar wel** met Sy **genadegawes**?"

- Dit laat die gehoorsame wetsbetragting van die verbondskind groei uit 'n hart wat herskep is deur die genade van God, tot "lus en liefde om na die wil van God in alle goeie werke te lewe", (H.K. Antw. 90). Vgl. Gal 2:20 : "ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het, en Homself vir my oorgegee het".

- Dit laat die **wesentlike van die sonde** bly, naamlik nie as blote wetsoortreding of ongehoorsaamheid nie (wat die simptome is!) maar as **ongeloof**, wat daarin uitkom dat die mens nie wil **neem** wat God aan hom genadiglik **gee** nie, (eerder as dat die mens nie wil **doen** wat God van hom **vra** nie - dit kom later, sekondêr) en nie wil **wees** wat sy vader hom **bedoel** het nie.

-Dit bestempel ongeloof aan die beloftes en ongehoorsaamheid aan die eis as die **moedswillige** weiering en **eie skuld** van die ongelowige, en konfronteer dus die huigelaar ten volle met sy eie verantwoordelikheid.

-Dit maak van die verbondsgemeente, eerder as 'n MEELEWENDE gemeente, 'n LEWENDE gemeente van Jesus Christus die Here!

Voetnote

1. Sien Veenhof: 'Prediking en Uitverkiezing', Kok, Kampen, 1959, par. 88 v.v
2. W. Heyns: Geref. Geloofsleer. 1927. Sneek, pag. 126.

3. F.F. Venema: Wat is een Christen nodig te geloven. Gereformeerde Boekerij, 'De Lantaarn'. pag 92.
4. Vgl. B. Holwerda: De dingen die ons van God gesckonken zijn, Deel 111, preek oor Sondag 30, Heidelbergse Kategismus.
5. C. Veenhof: Predik het Woord. Oosterbaan en Le Cointre, Goes, pag 249.
6. C. Veenhof, a.w. pag. 253.
7. Heyns, a.w. pag. 137.
8. Veenhof, a.w. pag. 275 vv.
9. Veenhof, a.w. pag. 279.
10. Veenhof, Prediking en Uitverkiesing, pag 125.
11. Veenhof, a.w. pag. 123.
12. Veenhof, a.w. pag. 125.
13. Veenhof, a.w. pag. 130.